**Sondag, 1 Desember 2024**
**1e Adventsondag**
**Biddag in aansluiting by Wêreldvigsdag**

**Leef waaksaam hier tussen die tye...**

*"Maar niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie, nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader weet dit.*
*Bly dus waaksaam, omdat julle nie weet watter dag julle Here kom nie.*
*...want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie."*
(Matteus 24:36, 42 & 44)

In 'n baie werklik sin van die woord, leef die kerk van die Here Jesus nóú en híér in Advent, nie net vir hierdie vier weke van die jaar 2024 nie, maar deurgaans, jaar in, jaar uit. God se kinders leef tússen die tye. Tussen die eerste koms van Christus as 'n mensekindjie in doeke in 'n krip in Betlehem en die tweede koms, wanneer Christus in heerlikheid kom as Regter oor almal. Die kerk leef en werk en wag tussen hierdie twee tye…

Dit is 'n uitdagende tyd, want alles waarvoor die kerk hoop, alles wat gelowiges verwag in die tyd wat kom, is nie só in hierdie tyd nie. In hierdie tyd is hopeloosheid, dood, vernietiging, leuens, sondeskuld, verlorenheid en Satan. Advent is dus 'n kragtige verstaan van 'n evangelie wat fokus op die aanbreek van 'n nuwe tyd. Ons as kerk verwag nie in Advent dat die mens hier op aarde beter gaan word, dat ons oplossings vir ons wêreldkrisisse hier en nou gaan kry nie, maar dat God alleen die beter tyd kan bring. Ons hoop is lewend dat, Christus ons erfenis wat volgens 1 Petrus 1:4 in die hemel in bewaring gehou word, sal openbaar.

Hoewel gelowiges dus hier besig is met hulle dagtaak, begin hulle nooit 'n dag sonder om daaraan te dink dat Jesus ons dalk vandag kan onderbreek nie. Ons leef in verwagting van die onverwagte. Jesus gebruik 'n paar gelykenisse om hierdie onverwagte van Christus se verwagte tweede koms te onderstreep, die gelykenis van Noag en die van werkers in die land, sowel as 'n inbreker wat op 'n onverwagte tyd kom. Dit gaan nie vir die kerk oor die wanneer van die wederkoms nie, maar oor die sekerheid daarvan. Daarom het die kerk van die Here 'n opdrag om hier, tussen die tye, so te leef dat ons die onverwagte verwag. Jesus noem dit, om waaksaam te leef.

Het jy die moed om gereed te leef hier tussen die tye?

**- ds. Johan Marais**

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, hier in die kerk gelei deur ds. Johan Marais en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Welkom alle besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *YouTube*-kanaal by die erediens inskakel.
Ons nooi almal uit om ná die erediens 'n koppie koffie of tee in die binnehof te kom geniet.

**LITURGIE**

| | |
|---|---|
| **Aansteek van die 1ste Adventkers:** | Gebed van Thomas À Kempis |
| **Votum:** | Mark. 14:62 *Jesus antwoord: "Ek is!..."* |
| **Seëngroet** | |
| **Loflied:** | Lied 354: 1, 2 & 4 O Christus, ons verlange |
| **Wet:** | Rom.13:8-14 *"...Beklee julle egter met die Here Jesus Christus..."* |
| **Skuldbelydenis:** | Stilgebed |
| **Vryspraak:** | Rom. 8:31-34 *"...God is die Een wat vryspreek."* |
| **Danklied:** | Lied 3471:1, 2 & 3 Redder van ons lewe |
| **Gebed** | |
| **Skriflesing:** | Matt. 24:36-44 |
| **Woordverkondiging:** | Tema: Leef waaksaam hier tussen die tye... |
| **Gebed:** | |
| **Liefdegawes** | |
| **Slotlied:** | Lied 370:1, 2, 4 & 5 Eng'le uit die hoogste hemel |
| **Seën** | |
| **Amen** | |
| **Orrelspel** | |

U sal weer vanoggend net ná die erediens, 'n WhatsApp ontvang met 'n Google-vorm en skakel; kliek asb. daarop en gee jou indrukke en gedagtes oor ons eredienste in Berg-en-Dal – ons wil graag met jul terugvoer, ons beplanning vir volgende jaar doen.
BAIE DANKIE VIR ALMAL WAT ALREEDS REAGEER HET!

**Hierdie is die laaste Fokus vir 2024, en gee ons daarom alle inligting hier deur.**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Dinsdag, 3 Des | 13:00 – Kersliedere @ Preller; kontak ds Hoffman (072 435 89590 |
| Sondag, 8 Des | 09:30 – Ds. Janke Hurter (2e Adventsondag) |
| Sondag, 15 Des | 09:30 – Ds. Janke Hurter (3e Adventsondag) |
| Maandag, 16 Des | **09:00** – Ds. Gert Terblanche (Versoeningsdag) |
| Sondag, 22 Des | 09:30 – Dr. Martin Laubscher (4e Adventsondag) |
| Woensdag, 25 Des | **09:00** – Ds. Jan Lubbe (Kersdag – almal, alle families welkom!) |
| Sondag, 29 Des | 09:30 – Ds. Jan Lubbe |
| Dinsdag, 31 Des | 18:00 – Ds. Jan Lubbe (Oujaarsaand) |

| | | |
|---|---|---|
| Sondag, 5 Jan | 09:30 - | Ds. Johan Marais |
| Sondag, 12 Jan | 09:30 - | Ds. Johan Marais |

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende maand verjaar:

| | |
|---|---|
| 01 Des | Dawie Human en Martelize Vermaak. |
| 02 Des | Elsa Fourie en Michellé Strauss. |
| 03 Des | Francois Cilliers, Petro Crause, Hendrik Hoffman, Erika Reitz en Erika Weyers. |
| 04 Des | Alice Langenhoven. |
| 05 Des | Jaco Cilliers, Mienke Esterhuyse, Nico Muller, Stefan Pretorius, David-R Samuel. |
| 06 Des | Henriëtte de Waal, Heloïse Denner, Martie Jansen, Dalene Meintjies, Elmaree Retief en Adele van Jaarsveld. |
| 07 Des | Enid Botha, Derik Hechter en Cornelia Nel. |
| 08 Des | Hendrik Fourie, Juliet Kruger, Denzel Lombard en Flippie Pretorius. |
| 09 Des | Joanie Prinsloo en Hendrik van Pletzen. |
| 10 Des | Reas Botes, DJ Bredenkamp, Esré Claasen, Sonika Collins en Hanno Joubert. |
| 11 Des | Martina de Lange, Amelie Louw en Jannie Schutte. |
| 12 Des | Karen Klindt. |
| 13 Des | Carmi Terblanche. |
| 14 Des | Henry Johnson en Mariëtte Pretorius. |
| 15 Des | Hannelize de Wet en Jacques Potgieter. |
| 16 Des | Johan Prinsloo en Jaco Smith. |
| 17 Des | Christine Horak, Aletia König en Jano Nel. |
| 18 Des | Lizeth Kruger, Nico Schempers en Ettienne van Wyk. |
| 19 Des | Marie Dippenaar, Zeneta van Rooyen en Linka Viviers. |
| 20 Des | Faan du Toit, Carla Greyling en Sue Oosthuysen. |
| 21 Des | Helene Engelbrecht, Joos Hefer, Gert Lamprecht, Hanno Rossouw, Marlian Schutte. |
| 22 Des | Verena Schutte, Lukas Fourie en De Villiers Lamprecht. |
| 24 Des | RW Adendorff en Devon van den Nieuwenhof. |
| 25 Des | Louis Kruger en Alta Mulder. |
| 26 Des | Renico du Plessis, Dian Strauss en Michelle van Zyl. |
| 27 Des | Neels Jacobs, Jean Johnson, (ds) Johan Marais en William Murray. |
| 28 Des | Mornay Pretorius. |
| 29 Des | Mariette Bothma en Daniël Pretorius. |
| 30 Des | Michelle Marais. |
| 31 Des | Heath Marais, Alphonso Pietersen en Jan van der Merwe. |
| 01 Jan | Retha Connoway, Hanré de Wet, Lenie Fourie, Sophia Jordaan, Jeannine van Zyl en Miemie Wessels. |
| 02 Jan | Marlene Herbst en Esmé Schreuder. |
| 03 Jan | JC de Jonge, Mj Geldenhuys, Chané Potgieter en Kleintjie van der Walt. |
| 04 Jan | Lohan Albertse, Deonette Jacobs, Liezl Koekemoer, Lehanco Malan, Eunice Pretorius, SK van Heerden en Gerhard Wolmarans. |
| 05 Jan | Gizelle du Plooy, Louis Jordaan, Pieter Oosthuizen en Victor Reitz |
| 06 Jan | Paul Bornman, Kaylie & Teagan Carstens, Pieter en Philip le Roux, Tony O'Reilly, Liam Pretroius, Jan-Albert v/d Berg en Amanda Windt. |
| 07 Jan | Henry Büchner, Heidi & Muller Esterhuyse, Elizabeth Joubert, Leonie Kühn, Gerdus Norval. |

| | |
|---|---|
| 08 Jan | Johan Bothma, Lieb Swiegers en Yani Viljoen. |
| 09 Jan | Martie Bloem, Hanro van Rooyen en Ané van Wyk. |
| 10 Jan | Johan Botha, Isa-Lé Pickard en Abiha Visser. |
| 11 Jan | Bessie Adendorff, Zachary Pietersen, Jemma Roets, Trudie Strauss en Carla Theunissen. |

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Prof. De Villiers Lamprecht (Bewarea 75, wyk 8c), Ina van der Schyff (Mount Jireh 5, wyk 12b), Oom Mike de Kock (Oliewenlaan 51, wyk 17); Tannie Dolly Aucamp (Oliewenlaan 57, wyk 17); Oom Lieb Swiegers (Santé Aftreeoord 107, wyk 18b); Liz Coetzer (Kiepersol Oord 18, wyk 16); Oom Louwrens Badenhorst (Sewe Damme 113, wyk 8b) en Sheila Prinsloo (Serenitas 160). Ons dink ook aan Ralie Poggenpoel, oud-lidmaat wat nou in die Kaap woon en baie siek is.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

**Ons Bybelstudies hervat alles net ná die Week van Gebed, op 29 Januarie 2025**.

## KERKRAADSAKE

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe...

In die vakansietyd tot middel-Januarie, kontak asb die leraar aan diens (sien verloftye hieronder) indien u pastorale hulp benodig.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**

In Desember sorg **Barmhartigheid** en **Vrywilligers** vir ons gasvryheid, Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Dankie vir almal se bydraes in 2024. Indien jy graag ook hiermee wil help – veral in die komende vakansietyd – kontak die Kerkkantoor (073 180 3193). Baie dankie Wyke 19 en 20 vir sorg in November!

**Verlofreëlings:**

| | | |
|---|---|---|
| Ds. Jan Lubbe | 2 tot 22 Desember 2024. | (kontak: ds. Janke) |
| Ds. Johan Marais | 3 Desember tot 3 Januarie 2025. | (kontak: ds. Janke) |
| Ds. Janke Hurter | 17 Desember tot 5 Januarie 2025. | (kontak: ds. Jan) |
| Marthina van Zyl (skriba) | 14 Desember tot 7 Januarie 2025. | |
| Pieter Wilken (koster) | 14 Desember tot 5 Januarie 2025. | |

**Kerkkantoor gesluit vanaf 13 Desember tot 5 Januarie 2024**

(Sondagoggende net ná die erediens 'n kwartier oop – ons skriba, Denise Louw sal help).

## EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 1 Desember: **Teologiese Opleiding Seminarium.** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**